SUID-AFRIKAANSE VARSWATER OEWERHENGEL FEDERASIE
HENGELREËLS : HERSIEN 2016

Inhoudsopgawe

1. DEELNAME 5

Reël 1.1 Affiliasie. 5

Reël 1.2 Getal deelnemers 5

Reël 1.2.1 Spanne met 12 hengelaars 5

Reël 1.2.2 Spanne met 8 hengelaars 5

Reël 1.2.3 Spanne met 6 hengelaars - Veterane 5

Reël 1.2.4 Spanne met 6 hengelaars – Juniors Onder 13. 5

Reël 1.2.5 Wysigings aan spansamestellings. 5

Reël 1.2.6 Funksionering van spanne. 5

Reël 1.2.7 Gids(helper). 6

Reël 1.3 KLEREDRAG EN VERPLIGTE DRA VAN SKOEISEL 6

Reël 1.3.1 Spandrag. 6

Reël 1.3.2 Skoene/skoeisel. 6

Reël 1.3.3 Besoekers. 6

Reël 1.4 Ongesteldheid. 6

Reël 1.5 Persoonlike redes. 6

Reël 1.6 Spanne. 6

Reël 1.7 Samestelling van spanne. 7

Reël 1.7.1 Definisie. 7

Reël 1.7.2 Reëls tov samestelling van spanne 7

Reël 1.7.3 Penalisasie. 7

Reël 1.7.4 Bonus. 7

2. BEHEER 7

Reël 2.1 Hoofbeampte 7

Reël 2.2 Aantal beamptes 7

Reël 2.3 Sones 8

Reël 2.4 Aanstelling 8

Reël 2.5 Pen van oewer 8

Reël 2.6 Dispuut 8

Reël 2.7 Duur van Kompetisie 8

3. HENGELWATER 8

Reël 3.1 Bepaling van sones 8
Reël 3.2 Loting 8
Reël 3.3 Voorskrifte pen van oewer 8
Reël 3.4 Aanskuif in sones 9
Reël 3.5 Spanlyste 9
Reël 3.6 Hengelaars per pen 9
Reël 3.7 Posisie op pen 9

4. DUUR VAN KOMPETISIES 9

Reël 4.1 Sonop/sononder 9
Reël 4.2 Hengelperiode 9
Reël 4.3 Seine 10
Reël 4.4 Einde van daaglikse kompetisie 10
Reël 4.5 ***Weerlig*** 10
Reël 4.5.1 Stop/begin tov weerlig 10
Reël 4.5.2 Stop tov weerlig na amptelike tyd verby is 10
Reël 4.5.3 Weerlig en sononder 11
Reël 4.5.4 Toegeruste spaar stokke 11
Reël 4.5.5 Vrywaring 11

5. HENGELGEREI 11

Reël 5.1 Voorskrif tov hengelstokke 11
Reël 5.1.1 Toegeruste spaar stokke 11
Reël 5.2 Verbode toestelle 12
Reël 5.2.1 Toeters 12
Reël 5.3 Lyndikte en rekords 12
Reël 5.3.1 Verbode lyn 12
Reël 5.3.2 Rekordaansprake en lyndikte 12
Reël 5.3.2.1 Voorslag 12
Reël 5.4 Kunsaas 12
Reël 5.4.1 Kraletjies 12
Reël 5.4.2 Dobbertjies 12
Reël 5.4.3 Gewigte 12
Reël 5.4.4 Oplosbare lyn 13
Reël 5.4.5 Straf tov 5.4 tot 5.4.3 13
Reël 5.4.6 Ander fasette 13
Reël 5.5 ***Lyndikte*** 13
Reël 5.5.1 Toegewing tov lyndikte 13
Reël 5.5.2 Meet van lyn 13
Reël 5.5.3 Meetprosedure 13
Reël 5.5.4 Dubbele kontrole 13
Reël 5.5.5 Straf 13

6. HANTERING VAN GEREI 14

Reël 6.1 Hengelgebied 14
Reël 6.1.1 Werpaksie 14

Reël 6.2 Werprigting 14
Reël 6.2.1 Straf 14
Reël 6.2.2 Straf 14

Reël 6.3 Opruim van terrein 14

Reël 6.4 Hulp tussen penmaats 14

Reël 6.5 Land en speel van vis 14
Reël 6.5.1 Onoordeelkundige speel van vis 14

Reël 6.6 Inloop in die water 14

Reël 6.7 Hulp van buite 15

Reël 6.8 Hulp deur gidse 15

Reël 6.9 Hulpverlening 15

7. VISBEWARING 15

Reël 7.1 Hounette 15

Reël 7.2 Plasing van hounette 15

Reël 7.3 Naamplaat 16
Reël 7.3.1 Twee hounette 16
Reël 7.3.2 Inligting op naamplaat 16

Reël 7.4 Wanneer is ‘n vis geland 16
Reël 7.4.1 Uitsleep van vis 16
Reël 7.4.2 Vis in net voor werp 16
Reël 7.4.3 Hulp deur gidse 16

Reël 7.5 Hantering van vis 16

8. WEEGBARE VIS 17

Reël 8.1 Toegelate vis 17

Reël 8.2 Geldige vangs 17

Reël 8.3 Vis van buite en vis as aas 17

Reël 8.4 ***Vis onderhewig aan ‘n ordonnansie*** 17

9. WEEG VAN VANGS 17

Reël 9.1 Skale: voorsiening 17
Reël 9.1.1 Skale: vereistes 17
Reël 9.1.2 Skale: hantering 17

Reël 9.2 Skale: inweegprosedure 18

Reël 9.3 Weeg van vis 18

Reël 9.4 Einde van hengelperiode 18

10. PUNTETOEKENNING 18

Reël 10.1 ***Individuele plasing van 'n hegelaar in 'n sone*** 18
Reël 10.1.1 Punte per vis 18
Reël 10.1.2 Plasing nav vangstepunt 18
Reël 10.1.3 Plasing met dieselfde vangspunt 18
Reël 10.1.4 Plasing met dieselfde vangspunt en vis 18
Reël 10.1.5 Geen vis 19

Reël 10.2 ***Spanplasing*** 19
Reël 10.2.1 Plasing op grond van totale kompetisiepunte 19
Reël 10.2.2 Plasing met dieselfde totale kompetisiepunte 19
Reël 10.2.3 Plasing met dieselfde totale kompetisiepunte en vis 19
Reël 10.2.4 Plasing met dieselfde totale kompetisiepunte/vis en massa 19

Reël 10.3 ***Merietelys.*** 19
Reël 10.3.1 Plasing op merietelys 19

11. GEDRAG 19

Reël 11.1 Bedwelmende middels 19

Reël 11.2 Onaanvaarbare gedrag 19

Reël 11.3 Eskalasie 19

12. TOEPASSING VAN REËLS 20

Reël 12.1 Ad hoc bepalings 20

Reël 12.2 Mag van beamptes 20

Reël 12.3 Aanmelding van oortredings 20

Reël 12.4 Amptelike beswaar 20

Reël 12.5 Appél teen beslissings 20

Reël 12.6 Ordonnansie 20

Reël 12.7 Ken jou reëls 20

Reël 12.8 Ad hoc wysigings 20

Reël 12.9 Dispuut 20

13. AANTEKENINGE 21

Reël 13.1 Verklaring 21

Reël 13.2 Afrikaanse teks 21

Reël 13.3 Appèlkomitee 21

Reël 13.4 Strafpunte 21

Reël 13.5 Straf tov nie-hengelende spanlid 21

14. WYSIGINGS 21

15. REKORDAANSPRAKE 21

16. JAARVERGADERING EN DAGBESTUUR BESLUITE 21

1. PLATANNAS 21

17. FOTOS EN SKETSE 22

17.1 Toelaatbaar (In Line Method Feeders) (reël 5.4.6) 22

17.2 Nie toelaatbaar (Feeder Cages) (reël 5.4.6) 22

1. DEELNAME

Reël 1.1 Affiliasie.

Die deelname aan kompetisies aangebied deur die Suid-Afrikaanse Varswater Oewerhengel Federasie (SAVOF) en sy geaffilieerde lede sal beperk wees tot amateur hengelaars wat vir die huidige jaar by die SAVOF geaffilieer is. Indien 'n deelnemer nie by SAVOF geaffilieer is nie sal die betrokke provinsie met R500.00 beboet word per deelnemer wat nie geaffilieer is nie.

Reël 1.2 Getal deelnemers

Samestellings van spanne bestaan uit die volgende:

Reël 1.2.1 Spanne met 12 hengelaars

Spanne met 12 hengelaar kan uit 'n maksimun van 15 lede bestaan nl. 12 hengelaars, Bestuurder, Kaptein en Reserwe

Reël 1.2.2 Spanne met 8 hengelaars

Spanne met 8 hengelaar kan uit 'n maksimun van 11 lede bestaan nl. 8 hengelaars, Bestuurder, Kaptein en Reserwe.

Reël 1.2.3 Spanne met 6 hengelaars - Veterane

Veteraanspanne kan uit 'n maksimun van 8 lede bestaan nl. 6 hengelaars, Bestuurder en Reserwe.

Reël 1.2.4 Spanne met 6 hengelaars – Juniors Onder 13.

In die geval van die Juniors O/13 sal die span bestaan uit 6 hengelaars, 'n Bestuurder, Kaptein, Hulp-kaptein en Reserwe. Dit word gedoen sodat daar hulp op elke pen in elke sone kan wees.

Reël 1.2.5 Wysigings aan spansamestellings.

Wanneer die SA's begin het, kan daar nie meer aan die samestelling van die spanne gewysig word nie. Die enigste toelaatbare wysigings is om 'n hengelaar met 'n ander kwalifiserende spanlid te vervang.

Reël 1.2.6 Funksionering van spanne.

Die Bestuurder / Kaptein / Hulp-kaptein / Reserwe (soos in 1.2.1 tot 1.2.4 vervat) vorm deel van die span en het tydens die kompetisie vrye toegang tot die hengelende spanlede.

Reël 1.2.7 Gids(helper).

ʼn Gids wat nie ʼn lid is van die span nie, mag ʼn blinde hengelaar bystaan. Verwys na reëls 6.8 en 7.4.3.

Reël 1.3 KLEREDRAG EN VERPLIGTE DRA VAN SKOEISEL

Reël 1.3.1 Spandrag.

Nasionale en provinsiale spanne moet in hulle amptelike spandrag meeding. Tydens ander spankompetisies moet alle spanlede onderskeidende klere soos byvoorbeeld eenvormige hemde en broeke dra sodat elke deelnemer met ʼn span geassosieer kan word. **Niemand sal tydens Nasionale kampioenskappe enige klere dra hoër as hulle provinsiale klere nie, dws geen SAVOF, SASSAC of Protea klere mag gedra word nie. Sulke klere sal slegs gedra word indien ʻn hengelaar daardie betrokke span verteenwoordig.** By gebreke hieraan sal die betrokke deelnemer eers een waarskuwing gegee word. Sou dié deelnemer op dieselfde dag weer hierdie reël oortree, dan sal tien kompetisiepunte van die span se totaal afgetrek word.

Reël 1.3.2 Skoene/skoeisel.

Tydens alle kompetisies sal alle deelnemers vir die volle duurte van die kompetisie gepaste skoeisel dra en mag dit op geen stadium uittrek nie. ʻn Deelnemer wat hierdie reël verontagsaam sal eers ʻn waarskuwing ontvang en indien hy die reël weer op dieselfde dag oortree, sal hy summier gediskwalifiseer word.

Reël 1.3.3 Besoekers.

Geen besoekers van spanne sal in enige Nasionale, SAVOF of provinsiale spandrag tydens die kompetisie by die water rondbeweeg nie. Indien ʻn besoeker hom hieraan skuldig maak sal hy versoek word om onmiddellik ander klere aan te trek en indien hy versuim om dit te doen sal die Hoofbeampte hom versoek om die terrein te verlaat. Hierdie reëling geld nie vir ʻn tydelike besoeker wat onder toesig van die Hoofbeampte die hengelaars besoek in hoedanigheid as SAVOF Komiteelid of Provinsiale verteenwoordiger nie. **In gevalle van bywoning van proewe sal die keurders, beamptes en hengelaars die onderskeidende klere dra soos hierbo uiteengesit.**

Reël 1.4 Ongesteldheid.

ʼn Hengelaar mag weens fisiese ongesteldheid homself gedurende kompetisies aan die kompetisie onttrek. In die geval van spankompetisies mag hy deur die reserwe vervang word. Die vangste van die twee hengelaars sal in sulke gevalle apart geweeg word. Die gesamentlike vangspunte sal gebruik word om die kompetisiepunt te bepaal. Verwys na reël 1.7.3 en 1.7.4.

Reël 1.5 Persoonlike redes.

ʼn Spanlid mag, om persoonlike redes, die hengelterrein voor die einde van die kompetisie verlaat. In die geval van ʼn hengelaar sal sy vangs in die teenwoordigheid van die hoofbeampte geweeg word. Die betrokke spanlid mag egter nie, in die geval van ʼn spankompetisie, deur die reserwe vervang word of later terugkeer om verder aan die kompetisie deel te neem nie.

Reël 1.6 Spanne.

Tydens Nasionale Kampioenskappe sal deelname tot die volgende hengelaars beperk wees-

Mans Kampioenskappe	-	Mans en Seuns
Dames Kampioenskappe	-	Dames en Dogters

Junior O/19 Kampioenskappe	-	Seuns en/of Dogters onder 19 jaar
Meesters Kampioenskappe	-	Mans en Dames 50 jaar en ouer
Veterane Kampioenskappe	-	Mans en Dames 60 jaar en ouer
Junior O/13 Kampioenskappe	-	Seuns en Dogters onder 13 jaar
Jonge Dames	-	Dogters O/19

Reël 1.7 Samestelling van spanne.

Reël 1.7.1 Definisie.

Deelnemers word in 2 groepe ingedeel, nl. Blankes en Anderskleuriges.

Reël 1.7.2 Reëls tov samestelling van spanne.

Tydens SAVOF se Algemene Jaarvergadering is daar vereistes gestel tov hoe spanne saamgestel moet wees mbt deelname aan Nasionale Kampioenskappe. Hierdie vereistes moet in ag geneem word wanneer spanne gekies word.

Reël 1.7.3 Penalisasie.

Seniors en Juniors

Waar daar vereistes is dat ‘n sekere aantal Anderskleuriges in ‘n span moet wees, moet daardie person/e elke dag van die kompetisie begin hengel. Indien ‘n Anderskleurige gedurende die dag se hengel om mediese redes nie verder kan hengel nie, kan die reserwe hengel, mits die span ‘n mediese sertifikaat inhandig by die hoofbeampte. Indien ‘n mediese sertifikaat nie ingehandig word nie, sal die reserwe se vangs nie in ag geneem word nie. Indien ‘n span nie die kwota Anderskleuriges in die span het wat vereis word nie, mag daar nie iemand anders in hul plek hengel nie. Waar die Anderskleurige/s nie aan die begin van dag begin hengel nie, sal die span met 30 kompetisiepunte beboet word. Dit impliseer dat indien daar 1 Anderskleurige in ‘n span moet wees en daar is nie 1 nie, sal sodanige span met 11 hengelaars meeding en met 30 kompetisiepunte per dag beboet word, dus 90 punte tydens ‘n normale SA kampioenskap. Dieselfde reëling geld by die 8-man spanne. In die geval van 8-man spanne sal die penalisasie 15 kompetisiepunte per dag wees. Verwys na reël 1.4.

Reël 1.7.4 Bonus.

Dames

Waar daar vereistes is dat ‘n sekere aantal Anderskleuriges in ‘n span moet wees, word spanne wat daaraan voldoen, vergoed dmv bonuspunte. Die bonuspunt is gelykstaande aan die aantal deelnemende spanne en word per dag toegeken. Om die bonuspunt te kry moet die anderskleurige/s die hele dag hengel. In die geval soos omskryf in reël 1.4, wanneer die Anderskleurige vervang word met die reserwe, sal beide se vangs soos normaalweg tel, maar die span sal vir daardie dag nie die bonuspunt kry nie. Spanne wat nie Anderskleuriges het nie, kan met 8/12 Blankes hengelaars hengel, maar verbeur die bonuspunt.

2. BEHEER

Reël 2.1 Hoofbeampte

Tydens internasionale en nasionale kompetisies moet die wedstryd beheer word deur hoofbeamptes wat oor ’n Nasionale Beamptesertifikaat beskik. Dieselfde vereiste word gestel ten opsigte van die hoofbeampte tydens interprovinsiale kompetisies. Die hoofbeampte moet vir ander kompetisies oor ’n Provinsiale Beamptesertifikaat beskik.

Reël 2.2 Aantal beamptes

Waar minder as vier spanne aan ’n kompetisie deelneem, mag daar benewens ’n hoofbeampte

ook twee verdere beamptes aan diens wees. Twee spanne mag deur een beampte beheer word.

Reël 2.3 Sones

Indien vier of meer spanne aan ’n kompetisie deelneem en die hengelgebied in sones verdeel word, sal daar benewens ’n hoofbeampte ook nog verder drie tot ses sonebeamptes aanwesig wees. Indien die voorgeskrewe getal beamptes nie beskikbaar is nie, sal die hoofbeampte voor die aanvang van die kompetisie op ’n eweredige basis hulpbeamptes aanwys uit die deelnemende hengelaars.

Reël 2.4 Aanstelling

Die beamptes vir die beheer van internasionale en nasionale kompetisies sal deur die Nasionale Beamptekomitee aangewys word. Vir alle ander spankompetisies sal die aanwysing van beamptes geskied deur die betrokke Provinsiale Beamptekomitee.

Reël 2.5 Pen van oewer

Die aangewese beamptes moet die hengelterrein in oorleg met die gashere afpen, die plekloting waarneem en die kompetisie beheer volgens die voorgeskrewe reëls. Na die beëindiging weeg hulle die vangste, voltooi die kompetisievorms en sien toe dat die hengelterrein opgeruim word.

Reël 2.6 Dispuut

Enige dispuut wat tydens ’n kompetisie mag ontstaan, moet deur die hoofbeampte, beheerbeampte en drie vooraf verkose appèlbeamptes besleg word. Indien die betrokke spanbestuur nie met hulle beslissing saamstem nie, moet die vis in dispuut geweeg en die saak na die betrokke dagbestuur verwys word. So ’n appèl moet vergesel wees van volledige verklarings deur al die belanghebbendes.

Reël 2.7 Duur van Kompetisie

Die duur van die kompetisie mbt die verantwoordelikheid van die beamptes en hul bevoegdheid om op te tree volgens die voorgeskrewe SAVOF hengelreëls, strek van die loting in die oggend tot na die inweeg afgehandel is. In hierdie verband word meer spesifiek gekyk na die volgende reëls: 1.3.2 tov skoeisel, 1.3.3 tov besoekers, 4.5 tov weerlig en 11 tov gedrag.

3. HENGELWATER

Reël 3.1 Bepaling van sones

In gevalle waar tot drie spanne aan ’n kompetisie deelneem, is dit nie nodig om die hengelterrein in sones te verdeel nie. Indien daar egter vier of meer spanne deelneem, moet die hengelterrein in sones onderverdeel word. 12-Hengelaar spanne 6 sones, 8-hengelaar spanne 4 sones en 6-hengelaar spanne 3 sones.

Reël 3.2 Loting

Daar sal voor elke kompetisie vir plekke geloot word. Indien ’n kompetisie uit meer as een hengelperiode bestaan, sal daar voor die volgende hengelperiode weer vir plekke geloot word. ’n Hengelaar of span wat tydens ’n opvolgende loting ’n nommer trek wat hy reeds gedurende die kompetisie gehad het, sal onmiddellik ’n nuwe nommer trek.

Reël 3.3 Voorskrifte pen van oewer

Die kompetisiewater of sones word met penne genommer sodat elke deelnemer, of twee

deelnemers in die geval van spankompetisies, oor ’n nommer sal beskik. Tydens nasionale en interprovinsiale kampioenskappe mag geen pen nader as 30 meter van ’n ander pen geplaas word nie. Indien die oewer dit nie toelaat om 30 meter of verder te pen nie dan mag die Hoofbeampte die oewer so benut dat penne oor die beskikbare oewer versprei kan word om al die deelnemers te akkommodeer. Provinsies mag wel penne nader as 30 meter plaas in hul huishoudelike kompetisies.

Reël 3.4 Aanskuif in sones

Indien ’n kompetisie oor meer dan een dag of hengelperiode strek, sal alle deelnemers tydens die onderbreking na die tweede volgende sone verskuif vir 6-, 8- en 12-hengelaar spanne. Spanne met 8 hengelaars skuif op dag 3 1 sone terug. Indien hengelaars na die eerste of tweede dag in die verkeerde sones hul plekke inneem, sal die sonebeampte die hengelaars versoek om na die regte sones toe te skuif. Indien die hengelaars versuim om hieraan te voldoen, sal sy vis nie in aanmerking kom op die betrokke dag nie.

Reël 3.5 Spanlyste

Elke spanbestuur of hengelaar moet ’n spanlys opstel, volgens die SAVOF voorbeeld (templet), met volledige besonderhede naamlik voorletters, van en SAVOF affiliasienommer van elke hengelaar in elke sone, of by elke pen. Hierdie spanlys moet tydens die inligtingsvergadering voor die aanvang van die kompetisie aan die hoofbeampte verstrek word. Die nodige inligting van die deelnemers moet vooraf by die betrokke provinsiale Registerbeampte verkry word. Hierdie inligting moet op die spanlyste aangebring wees wat aan die hoofbeampte oorhandig word.

Reël 3.6 Hengelaars per pen

Die twee deelnemers sal posisie inneem aan weerskante van die hengelpen d.w.s. een aan die linkerkant en een aan die regterkant van die hengelpen. Die deelnemers mag nie plekke ruil gedurende die kompetisie nie. Indien hulle plekke ruil sal vyf merietepunte van elke hengelaar afgetrek word as straf.

Hengelaars mag die volle lengte van hulle hengelgebied gebruik in die uitvoering van enige hengelverwante aksie.

Verwys ook na reëls 6.5, 6.5.1 en 6.5.2.

Reël 3.7 Posisie op pen

Die deelnemers mag nie hulle stokke verder dan vier meter, links of regs, van die hengelpen plaas nie.

4. DUUR VAN KOMPETISIES

Reël 4.1 Sonop/sononder

Die hengeltyd van nasionale en interprovinsiale spankompetisies mag nie voor sonop begin nie. Die afhandeling daarvan na sononder sal ook nie toegelaat word nie. Hengel moet dus ten minste een uur voor sononder gestaak word. Verwys ook na reël 4.5.3.

Reël 4.2 Hengelperiode

Tydens Nasionale Kampioenskappe sal daar op elke dag vir agt uur lank gehengel word met die uitsondering van die Juniors O/13 wat slegs vir 6 ure hengel. ’n Deelnemer mag 30 minute voor die aanvang van die kompetisie met een van sy/haar stokke die hengelwater begin skoonmaak om obstruksies voor in die water te verwyder. Hierdie stok moet toegerus wees soos omskryf in reël 5.1. In die geval van alle ander kompetisies moet die duur van die kompetisie op die kennisgewing van die kompetisie aangedui word. Indien

omstandighede normale hengel onmoontlik maak mag die hoofbeampte in oorleg met die spanbesture en op grond van ’n meerderheidsbesluit, ’n kompetisie afgelas of die duur daarvan inkort.

Reël 4.3 Seine

Elke fase van die hengelperiode sal met ’n duidelik hoorbare sein aangedui word. Die eerste sein dui die begin van die amptelike hengeltyd aan. Aan die einde van die amptelike hengeltyd sal daar weer ’n sein gegee word en alle hengelaars moet dan onmiddellik van hulle stokke terugstaan sodat die beamptes kan vasstel watter hengelaars besig is om ’n vis te speel. Slegs vis wat met die aanvang van die sein reeds vasgeslaan was, mag in die hounet geplaas word. Na die volgende sein, een minuut later, eindig die hengel tydperk en moet die hengelaar onmiddellik hulle lyne optrek waarna die vis geweeg sal word.

Reël 4.4 Einde van daaglikse kompetisie

Die daaglikse kompetisie is afgehandel nadat die vangste, per sone, ingeweeg is en die vis in die water teruggeplaas is.

Reël 4.5 ***Weerlig***

Reël 4.5.1 Stop/begin tov weerlig

Elke hoofbeampte sal in besit wees van ’n weerligmeter. Hierdie weerligmeter is ’n hulp vir die Hoofbeampte om vroegtydig te bepaal of ’n donderstorm en weerlig ’n gevaarsituasie skep. Wanneer die 6 tot 12 myl (9.6 tot 19.2 kilometer) liggie op die weerligmeter begin flikker, dan sal die Hoofbeampte die kompetisie stop deur ‘n lang aanhoudende sein – of soos bepaal tydens inligtingsvergadering – gee totdat al die deelnemers van die water af wegbeweeg het en skuiling geneem het. Wanneer die sein gegee word dat die kompetisie as gevolg van weerlig gestaak word, dan sal alle deelnemers onmiddellik skuiling neem. Indien ‘n hengelaar besig is om ‘n vis te speel, dan sal hy sy stok onmiddellik op die pen terugplaas en gaan skuiling neem.

Wanneer die gevaar situasie verby is, met ander woorde die 6 tot 12 myl (9.6 tot 19.2 kilometer) liggie flikker nie meer op die weerligmeter nie, en normale hengel omstandighede weer moontlik is (kyk par. 4.2) en daar voldoende tyd oor is om sinvol te hengel - 30 minute of meer - kan die kompetisie hervat word. Twee kort seine sal die hervatting van die kompetisie aandui. Wanneer die sein gegee word dat dit veilig is en dat die kompetisie weer kan begin dan kan die hengelaar uit hulle skuiling kom en weer sy stokke hanteer. Indien daar ‘n vis aan
sy lyn vas is, dan kan hy – onderhewig aan 6.5 en 6.5.1 - die vis land en in sy hounet plaas.

Indien die kompetisie nie hervat kan word nie sal, twee minute na die hervatting sein, die normale seine soos aan die einde van ’n kompetisie gegee word.

Indien enige deelnemer nie die toepassing van die reël nakom nie sal die Hoofbeampte hom/haar onmiddellik versoek om die terrein te verlaat en sal die optrede aan SAVOF Dagbestuur oorhandig word vir verdere optrede. Sodanige deelnemer se vis sal nie in ag geneem word vir die kompetisie nie. Hierdie geld net vir die betrokke dag, dws as dit op dag 1 gebeur, sal die deelnemer weer op dag 2 en 3 kan hengel.

Reël 4.5.2 Stop tov weerlig na amptelike tyd verby is

Indien die kompetisie tyd verby is en die Hoofbeampte het nog nie aangedui dat dit veilig is deur die weerlig sein te gee nie sal geen hengelaar uit hulle onderskeie skuilings kom nie.

Wanneer die weerlig sein gegee is dat dit veilig is en die einde van die kompetisie is ook (twee minute later) aangedui, dan kan die hengelaar sy lyne optrek en indien hy ‘n vis aan sy lyn het dan kan hy – onderhewig aan 6.5 en 6.5.1 - daardie vis land en in sy hounet plaas.

Slegs in hierdie geval waar die weerlig reël van toepassing was en die kompetisie reeds geëindig het, mag die vis in die hounet geplaas word en sal die bepaling van reël 9.4 nie geld nie.

Reël 4.5.3 Weerlig en sononder

Indien die bepaling van reël 4.1 dat hengel moet eindig voor sononder nie nagekom kan word nie sal dit in die geval van die weerlig reël gekondoneer word. Die inweeg sal plaasvind so gou moontlik na die donderweer opgeklaar het en die weerlig sein gegee is ongeag die tyd wanneer dit plaasvind.

Reël 4.5.4 Toegeruste spaar stokke

Alle toegeruste spaarstokke sal van die voertuig afgehaal en op kort penne (maksimum 100 cm hoog) horisontaal geplaas word met punte wat weg van die water wys. (Kyk reël 5.1 en 5.1.1) Wanneer die weerlig reël in werking is mag geen stokke van die mikpenne of van die motorvoertuig of vanuit ‘n staander verwyder en hanteer word nie.

Reël 4.5.5 Vrywaring

Die SAVOF Beampte Komitee sal ‘n vrywarings vorm opstel wat elke SAVOF Beampte, SAVOF komitee en gasheer provinsie vrystel van enige verantwoordelikheid teenoor ‘n hengelaar indien sodanige hengelaar op enige wyse ‘n besering sou optel tydens ‘n kompetisie. Die Hoofbeampte sal tydens die inligtingsvergadering by elke kompetisie wat deur SAVOF aangebied word, vrywarings vorms aan elke Kaptein en of Bestuurder oorhandig wat deur die volle span ingevul en geteken sal word. Die Hoofbeampte sal toesien dat daar voldoende vorms is vir elke span om te voltooi en sal die vorms teruggehandig word voordat daardie span aan die kompetisie sal deelneem. In die geval van juniors sal die gasheer provinsie tesame met die inligtingstukke en inskrywings vorms van spanne, die vrywarings vorms aan die provinsies stuur en wat deur die ouers van die onderskeie juniors voltooi en geteken sal word. Die vorms sal tydens die inligtingsvergadering aan die Hoofbeampte teruggehandig word. Indien ‘n hengelaar weier of versuim om die vrywarings vorm te voltooi en te teken sal hy nie toegelaat word om aan die kompetisie deel te neem nie. Die vrywarings vorms sal deur die Hoofbeampte tesame met sy volledige verslag van die kompetisie aan die Sameroeper van die SAVOF Beamptes oorhandig word vir veilige bewaring.

5. HENGELGEREI

Reël 5.1 Voorskrif tov hengelstokke

Deelnemers mag nie op enige tydstip met meer as twee stokke hengel nie. Elke stok moet met ’n katrol toegerus wees en slegs twee enkelhoeke mag aan die strop vasgebind wees. Indien die bepalinge van die ordonnansie ten opsigte van hengelgerei oortree word, sal die hengelaar summier gediskwalifiseer word.

Reël 5.1.1 Toegeruste spaar stokke

Bykomende **toegeruste** stokke is toelaatbaar mits sulke stokke agter die hengelaar geplaas word in ’n horisontale posisie op mikpenne wat nie hoër is as 100 cm (1 meter) nie, met die punte wat weg van die water wys

Reël 5.2 Verbode toestelle

Geen elektriese of meganiese toestelle wat sal help om die aas in die water te kry, 'n byt aan te dui of die vis vas te slaan, sal tydens kompetisies toegelaat word nie. Die gebruik van elektroniese en akoestiese byt seintoestelle is ook nie toelaatbaar nie. Die gebruik van afstandreëlaar en aftaster toerusting is verbode.

Reël 5.2.1 Toeters

Blinde hengelaars mag egter wel 'n toeter gebruik om byte aan te dui.

Reël 5.3 Lyndikte en rekords

Tydens wedstryde mag lyn van enige dikte gebruik word. Waar gehengel word met 'n lyn waarvan die diameter oor 0,30 mm is, sal rekordaansprake as swaargerei rekords geregistreer word. Verwys ook na reël 5.5.

Reël 5.3.1 Verbode lyn

Gevlegde lyn ("braid") en nanofil mag slegs as hoeklyn gebruik word. Dit beteken nie as hooflyn, voorslag óf skaglyn van 'n strop nie. Vir die eerste oortreding sal die hengelaar 'n waarskuwing ontvang en indien die oortreding weer op dieselfde dag tydens dieselfde kompetisie voorkom sal die hengelaar summier vir die dag gediskwalifiseer word. Verwys ook na reël 12.9.

Reël 5.3.2 Rekordaansprake en lyndikte

Waar aanspraak gemaak word op rekordvangste vir ligtegerei (maksimum diameter 0.22 mm) of mediumgerei (maksimum diameter 0.30 mm) moet die lyn gemeet word voordat die betrokke vis van die lyn verwyder word. Die dikte van die lyn sal bepaal word deur hoogstens drie lesings, twee meter uitmekaar, van die betrokke lyn te neem. Indien die hengellyn nie aan die vereiste vir die betrokke gerei voldoen nie, sal die vereiste van die volgende swaarder gerei geld bv. van ligtegerei na mediumgerei en van mediumgerei na swaargerei.

Reël 5.3.2.1 Voorslag

Indien 'n voorslag van 'n dikker lyn gebruik word, mag dit saam met die langste strop nie langer wees as twee maal die lengte van die stok nie. Indien die voorslag die voorgeskrewe lengte oorskry sal die vangs onder swaargerei geklassifiseer word.

Reël 5.4 Kunsaas

Geen kunsaas mag tydens kompetisies gebruik word nie (verwys ook na reël 5.4.6). So ook mag geen voorwerp wat van polistireen, rubber of spons vervaardig is aan die hoeklyn geheg word nie. Slegs organiese verteerbare voedsel mag as aas gebruik word. Verwys ook na reël 16 mbt die gebruik van platannas.

Reël 5.4.1 Kraletjies

Kraletjies mag slegs aan die stroplyn geryg word om die knope te beskerm.

Reël 5.4.2 Dobbertjies

Geen kraletjies mag aan die hoeklyn geryg word nie. Dobbertjies (floats) mag nie gebruik word om die strop van die bodem af te hou nie.

Reël 5.4.3 Gewigte

Gewigte moet permanent vasgemaak wees aan die stroplyn en geen weggooi-gewigte (drop off) van enige aard sal toegelaat word nie. Geen oplosbare lyn mag gebruik word om enige sinker in die water te gooi nie.

Reël 5.4.4 Oplosbare lyn

ʼn Beampte mag ʼn deelnemer versoek om die voerbol van die sinker af te haal om seker te maak dat daar nie oplosbare lyn of ʼn weggooi sinker aan die hengellyn vas is nie. Indien ʼn deelnemer weier dan word die straf (diskwalifikasie) van toepassing gemaak.

Reël 5.4.5 Straf tov 5.4 tot 5.4.3

Hengelaars wat reël 5.4 tot reël 5.4.3 oortree sal vir die eerste oortreding ʼn waarskuwing ontvang en indien die oortreding weer op dieselfde dag tydens dieselfde kompetisie voorkom sal die hengelaar summier vir die dag gediskwalifiseer word.

Reël 5.4.6 Ander fasette

Doelgemaakte toerusting van ander fasette mag nie by oewerhengel gebruik mag word nie, soos bv "rockets", ketties, en voerbakkies (verwys ook na reël 5.4). Vir die eerste oortreding sal die hengelaar ‘n waarskuwing ontvang en indien die oortreding weer op dieselfde dag tydens dieselfde kompetisie voorkom sal die hengelaar summier vir die dag gediskwalifiseer word.

Daar is egter ‘n uitsondering wat gemaak word tov voerhouers nl voerhouers wat op die lyn gly soos bv die "In Line Method Feeder". Dit is wel toelaatbaar, verwys na die fotos in afdeling 17.1. Wat nie toelaatbaar is nie, is die houers wat aan een kant aan die lyn vasgeheg word soos bv die sinker aan ‘n boerstrop. Verwys na die fotos in afdeling 17.2.

Reël 5.5 ***Lyndikte***

Wanneer daar by oewers gehengel word waar beperking op lyndikte van toepassing is, sal die volgende van toepassing wees. Verwys ook na reël 5.3.

Reël 5.5.1 Toegewing tov lyndikte

Daar sal .01mm speling na bo of na onder van die beperking gegee word. As voorbeeld:
Waar die minumum dikte 0.25mm is, sal 0.24mm nog aanvaar word.
Waar die maksimum dikte 0.25mm is , sal 0.26mm nog aanvaar word.

Reël 5.5.2 Meet van lyn

Lyne sal minstens 2 keer per dag nagegaan word deur die beamptes, een keer in die oggend en een keer in die middag, deurdat die lyn mbv ‘n mikrometer gemeet sal word.

Reël 5.5.3 Meetprosedure

In die geval waar ‘n lyn gemeet word en dit nie aan die vereiste voldoen nie, moet nog 2 lesings, ten minste twee meter uitmekaar, van die betrokke lyn geneem word voor die punt van die stok. Indien een korrekte lesing gekry word, is dit aanvaarbaar.

Reël 5.5.4 Dubbele kontrole

Wanneer daar ‘n lyn gekry word wat nie aan die vereiste voldoen nie, kry nog ‘n beampte om dit met ‘n ander mikrometer te kontroleer. Betrek ook die spankaptein en/of spanbestuurder van die betrokke span asook die hoofbeampte.

Reël 5.5.5 Straf

In die geval waar waar die lyn nie aan die vereiste voldoen nie, sal die hengelaar se hounet summier uitgegooi word.

6. HANTERING VAN GEREI

Reël 6.1 Hengelgebied

Die hengelgebied van 'n hengelaar strek reghoekig met die algemene oewerlyn. Die beamptes mag die rigting wat die hengelaars moet werp met kalk of spuitverf aandui of ‘n patroonplaat om ‘n rigtingaanwysing pen agter die hengelpen te plaas.

Reël 6.1.1 Werpaksie

Die werpaksie is afgehandel sodra die aas die water tref. Vir die duur van die werp moet die hengelaar agter die werpgrens, soos aangekondig tydens die inligtingsvergadering, bly. Indien ‘n hengelaar hierdie reël oortree, sal die beampte die hengelaar vra om die lyn uit te trek en weer te werp. Indien daar ‘n vis aan die lyn sou wees, moet die vis vrygelaat word.

Reël 6.2 Werprigting

Die hengelaar kan sy aas werp van enige posisie agter die werpgrens op die oewer binne sy hengelgebied. ‘n Hengelaar se werprigting is vorentoe in die water in.

Reël 6.2.1 Straf

Vir die eerste oortreding van hierdie reël - 6.2 - sal die hengelaar gewaarsku word en met die tweede oortreding sal vyf merietepunte van die hengelaar se totaal afgetrek word.

Reël 6.2.2 Straf

Indien die hengelaar buite sy hengelgebied werp, sal hy eers gewaarsku word. Met ‘n tweede oortreding sal vyf merietepunte as boete teen die hengelaar verreken word.

Reël 6.3 Opruim van terrein

Na die kompetisie sal elke hengelaar vir die opruiming van sy hengelgebied verantwoordelik wees. Indien daar tydens die kompetisie bemerk word dat die hengelaars op ‘n pen hulle hengelgebied bemors met hengellyn en ander rommel, sal hulle, sowel as die bestuur van die span, gewaarsku word dat dit opgeruim moet word. Na die kompetisie sal daar inspeksie gedoen word deur die beamptes. Indien die hengelgebied om ‘n pen nie skoon is nie, sal die betrokke span met tien kompetisiepunte beboet word.

Reël 6.4 Hulp tussen penmaats

Hengelaars wat saam hengel mag mekaar help maar elke hengelaar moet self werp, sy vis aanslaan en speel. ’n Oortreding sal daartoe lei dat die hengelaar met tien merietepunte gestraf word en enige vis wat in die handeling gevang is, sal in die water losgelaat word.

Reël 6.5 Land en speel van vis

Die hengelaar moet die vis sover moontlik in sy/haar eie hengelgebied speel en land. Met die landing van 'n vis kan enige deelnemer wat amptelik by die kompetisie betrokke is, die nodige hulp verleen.

Reël 6.5.1 Onoordeelkundige speel van vis

Indien ‘n hengelaar ‘n kleiner vis speel en gedurig hengelaar/s op die aangrensende pen/ne se lyne versteur, sal die beampte die hengelaar waarsku om beter beheer oor die vis uit te oefen. By ‘n volgende soortgelyke oortreding, sal die vis wat gevang word, vrygelaat word. Hier moet ook diskressie aan die dag gelê word tov die grootte van die vis wat gevang word. ‘n Hengelaar mag wel agter groot vis aanbeweeg om dit te land.

Reël 6.6 Inloop in die water

Deelnemers mag in die water inloop om 'n vis te land of vir die uitvoering van hengel take

soos die plaas van ‘n hounet in die water of om lyne los te maak. Deelnemers mag egter nie dieper dan hulle armholte (Seniors/Dames/Meester) en heuphoogte(Juniors O/19 en Juniors O/13) in die water inloop nie en moet te alle tye op hulle voete bly. Geen ander toerusting behalwe ‘n skepnet mag deur ’n hengelaar of sy helper gebruik word om ‘n vis te land nie. Indien hierdie reël oortree word, sal die betrokke hengelaar met vyf merietepunte gestraf word en die vis in hierdie handeling gevang moet in die water teruggeplaas word. Sou die hengelaar op dieselfde dag weer hierdie reël oortree sal hy summier vir die hele dag gediskwalifiseer word.

Reël 6.7 Hulp van buite

Hengelbenodigdhede en aas mag tydens 'n spankompetisie alleenlik tussen spanlede uitgeruil of deur medespanlede oorhandig word. Geen hulp of hengelbenodighede mag van enige buitestaander vir ’n span of spanlede gegee word nie. Daar is geen beperking oor die gee van inligting nie en mag deur enige iemand aan die span of spanlede oorgedra word. ’n Oortreding van hierdie reël sal tot gevolg hê dat tien kompetisiepunte van die spantotaal afgetrek word.

Reël 6.8 Hulp deur gidse

Die gids van 'n blinde hengelaar mag hom help met die uitkenning van sy aas en geursels asook om rigting en byte aan te dui. Verder mag die gids hom ook help met die landing van 'n vis, verstrengelde lyne los te maak en te verseker dat die strop korrek aangehaak is voordat gewerp word. Indien die penmaat se lyne verstrengel raak, mag die gids sy vis help skep.

Reël 6.9 Hulpverlening

Wanneer daar ‘n geval ontstaan waar hulpverlening aan ‘n hengelaar nodig is, moet die hengelaar se provinsie voor die aanvang van die kampioenskap skriftelik by die betrokke vaste komitee aansoek doen met die nodige motivering. Die betrokke vaste komitee moet dan op sy beurt die SAVOF dagbestuur nader vir toestemming. Indien die aansoek toegestaan word, moet dit skriftelik aan die hoofbeampte deurgegee word sodat dit by die inligtingsvergadering aan alle deelnemende spanne openbaar kan word.

7. VISBEWARING

Reël 7.1 Hounette

Vis moet lewendig gehou word in hounette wat spesifiek ontwerp is om die vis veilig te bewaar m.a.w. die hounet moet doelgemaak wees sodat die vis vrye beweging daarin het en die water vrylik kan deurvloei Geen ander metode om die vis te bewaar sal toegelaat word nie. Indien die hounet nie aan hierdie vereiste voldoen nie sal die betrokke vis nie ingeweeg word nie.

Gedurende kompetisies moet die hounette aan ‘n staander of pen gehang word sodat die vis vrye beweging daarin het. Hounette moet so diep moontlik in die water geplaas word, of die hele lengte van die net moet onder water wees. Onder normale omstandighede moet die hounette moet so geplaas word dat dit sigbaar is vir die beamptes en die ander hengelaars.

Reël 7.2 Plasing van hounette

Aangesien die twee deelnemers in dieselfde hengel area individueel hengel en nie as ‘n paar nie, word hulle vangste apart gehou en geweeg. Die hengelaar links van die hengelpen sal sy hounet links van sy buitenste stok plaas terwyl die hengelaar aan die regterkant sy hounet

regs van sy buitenste stok plaas. Indien slegs een hengelaar by ’n pen hengel, moet sy hounet links van sy stokke geplaas word. Die hounet/te moet aan ’n staander of pen hang sodat die visse vrylik daarin kan beweeg. Waar die hengelaar die reël nie nakom nie sal hy/sy gewaarsku word om die nodige regstelling te maak. Indien dié hengelaar ’n tweede keer op dieselfde dag fouteer, sal vyf merietepunte van die hengelaar se totaal afgetrek word vir die oortreding van die reël.

Reël 7.3 Naamplaat

Hounette moet van 'n waterbestande naamplaat voorsien wees wat permanent vasgeheg is aan die hounet. ’n Hounet wat sonder die vasgehegte naamplaat na die inweeg gebring word, sal nie vir die kompetisie in aanmerking geneem word nie.

Reël 7.3.1 Twee hounette

Indien ’n hengelaar twee hounette na die inweeg neem en daar nie ’n naamplaat aan sy tweede hounet is nie moet die hounette aanmekaar vasgebind wees, so nie, sal die hounet sonder ’n naamplaat nie vir die kompetisie in aanmerking geneem word nie.

Reël 7.3.2 Inligting op naamplaat

Die volgende inligting moet op die hengelaar se naamplaat aangebring wees nl. sy voorletter en van, naam van sy span en SAVOF affiliasie nommer. Hengelaars moet verseker dat die besonderhede op die naamplaat ooreenstem met die gegewens wat aan die beamptes verstrek word. Indien verkeerde inligting verstrek word, sal tien merietepunte van die betrokke hengelaar se totaal afgetrek word. Sien ook reël 3.5 wat hierdie reël deeglik omskryf.

Reël 7.4 Wanneer is ‘n vis geland

‘n Vis word as geland beskou wanneer dit in die skepnet, op die oewer of onder beheer van die hengelaar is.’n Hengelaar mag dus ‘n vis optel in die water wanneer dit onder sy beheer is en in sy hounet plaas. Indien ‘n vis uit die hengelaar of sy helper se hande in die water val voordat die vis in die hounet geplaas is en hierdie persoon weer die vis met sy hande vang, mag hy die vis behou en in sy hounet plaas. Uitsondering word gemaak tov groot babers aangesien hulle baie keer gespeel word sodat die baber as’t ware “uitloop” op die kant.

Reël 7.4.1 Uitsleep van vis

Vis mag nie uit die water tot op die oewer gesleep word nie. Vir die eerste oortreding sal die hengelaar eers gewaarsku word. Indien die hengelaar weer die oortreding begaan, sal die vis in die water teruggeplaas word en die hengelaar gelas word om vir die res van die hengel periode die hengelarea te verlaat.

Reël 7.4.2 Vis in net voor werp

Enige vis wat geland word, moet onmiddellik in die hengelaar se hounet geplaas word voordat hy weer mag werp. 'n Oortreding van hierdie bepaling sal daartoe lei dat die betrokke vis in die water teruggeplaas moet word.

Reël 7.4.3 Hulp deur gidse

Die gids van ’n blinde hengelaar mag sy vis in die hounet plaas.

Reël 7.5 Hantering van vis

Daar word vriendelik versoek dat hengelaars die vis wat hulle later weer wil vrylaat nie met droë hande sal hanteer nie. Die ruwe hantering van lewendige vis is uiteraard nie die optrede van ’n natuurliefhebber nie.

8. WEEGBARE VIS

Reël 8.1 Toegelate vis

Alle varswater vis spesies gevang sal geweeg word mits sulke vis voldoen aan die vereistes van die toepaslike ordonnansie van die gasheer provinsie. Vis wat nie voldoen aan die bepaling van die ordonnansie nie, sal gediskwalifiseer word. Die toepaslike ordonnansie moet ingesluit wees in die amptelike program en kopieë daarvan moet uitgehandig word tydens die eerste inligtings vergadering

Reël 8.2 Geldige vangs

Die vang van ‘n vis word geag geldig te wees waar ‘n vis toevallig op enige plek buite sy bek gehaak is. Die hengelaar kan dié vis in sy hounet plaas. Die doelbewuste haak (jigging) van ’n vis is streng verbode. Indien twee hengelaars dieselfde vis in die lyf haak, sal so 'n vis in die water teruggeplaas word. Verwys na reël 7.4.

Reël 8.3 Vis van buite en vis as aas

Geen hengelaar sal toegelaat word om enige heel vis in die kompetisieterrein in te bring nie. 'n Oortreding is strafbaar en tien merietepunte sal in so 'n geval van die hengelaar se totaal afgetrek word. ‘n Hengelaar mag ‘n vis wat hy tydens die kompetisie gevang het en wat aan die vereistes van die toepaslike ordonnansie voldoen opsny en as aas gebruik.

Reël 8.4 ***Vis onderhewig aan ‘n ordonnansie***

Vis kan gevang en in die hounet geplaas word mits dit aan die betrokke ordonnansie se vereistes voldoen tov **lengte/hoeveelheid.** Indien te klein vis in die net gevind word, sal die hengelaar dit uithaal en die sak word normaalweg geweeg. Indien daar te veel van ‘n spesie is, sal die hengelaar die oortollige aantal vis verwyder en terugplaas in die water. Die sak sal dan normaalweg geweeg word. Daar is dus geen straf/waarskuwing meer in hierdie reël van toepassing nie.

9. WEEG VAN VANGS

Reël 9.1 Skale: voorsiening

Alle deelnemende spanne sal verantwoordelik wees om een elektroniese skaal, wat weeg tot die NAASTE 10 GRAM, te voorsien sowel as ‘n weeghouer (bak) en trapezium waarop die vis uitgegooi kan word. Indien ‘n span nie hierdie toerusting voorsien nie, sal die betrokke Provinsie beboet word met R1000.00 wat aan SAVOF oorbetaal moet word.

Reël 9.1.1 Skale: vereistes

Die skale moet in werkende toestand wees en moet weeg tot of die derde desimaal (in 5 gramme) of tot die tweede desimaal mits die skaal tot die naaste 10 gram kan weeg.

Reël 9.1.2 Skale: hantering

Die skaal sal gebruik word by ’n sone soos aangewys sal word tydens die inligtingsvergadering. Die skaal sal hanteer word deur die span wat die skaal voorsien, onder die toesig van die sonebeampte, en sal die volgende dag saam met die hanteerder aanskuif na volgende sone soos beskryf in reël 3.4.

Reël 9.2 Skale: inweegprosedure

Die skaal lesing moet sigbaar wees vir beide die inweegbeamptes sowel as vir die deelnemers betrokke. Geen persoon behalwe die inweegbeamptes, die deelnemers, hulle spanbestuur en kaptein het magtiging om woordeliks of op enige ander wyse in te gryp of eise te stel met betrekking tot die inweeg nie.

Reël 9.3 Weeg van vis

Die deelnemer wie se vis geweeg word, of sy penmaat, moet teenwoordig wees met die inweeg om te bevestig dat die massa en hoeveelheid vis geweeg korrek is. Dan moet hy die inweegstaat teken waar die vangs aangeteken is. Wanneer die inweeg proses verby en die vis teruggeplaas is in die water en die inweegstaat is geteken, sal geen klagtes oor die inweeg aanvaar word nie.

Reël 9.4 Einde van hengelperiode

Nadat die eerste sein aan die einde van die hengelperiode gegee is, word die hounet as geseël beskou. Die vis in die hounet sal nie deur enige persoon hanteer word deur dit te tel of uit te soek nie. Al wat toegelaat sal word is om ’n vis wat reeds aangeslaan is met die eerste sein, in die hounet te plaas nadat dit geland is. Hierdie reël is in normale hengel omstandighede uitgesluit van die weerlig reël maar moet saamgelees word met reël 4.5.2. Wanneer die weerlig reël toegepas is en die sein gegee word dat die kompetisie verby is, moet alle lyne uit die water verwyder word. Indien hierdie reël oortree word sal die vis nie geweeg word nie en word die hengelaar gediskwalifiseer.

10. PUNTETOEKENNING

Reël 10.1 ***Individuele plasing van ‘n hegelaar in ‘n sone***

Reël 10.1.1 Punte per vis

Alle soorte varswatervis wat gevang is en wat aan die vereiste van die toepaslike ordonnansie en hierdie reëls voldoen, sal ingeweeg word en vangspunte (bereken tot die tweede desimaal) sal soos volg aan die betrokke hengelaar toegeken word –

- Tien (10) punte per vis vir elke vis met ‘n massa van 150 gram en meer.

- Tien (10) punte per kilogram vir alle vis gevang.

Reël 10.1.2 Plasing nav vangstepunt

Die hengelaar met die meeste vangspunte is die wenner en behaal daarmee ’n kompetisiepunt gelyk aan die aantal deelnemers (aanwesig sowel as afwesig) wat veronderstel was om aan die kompetisie in die gebied of sone deel te neem. Die hengelaar in die tweede plek kry ’n kompetisiepunt een minder as die wenner. Dieselfde prosedure word gevolg vir alle hengelaars met ’n vangs.

Reël 10.1.3 Plasing met dieselfde vangspunt

Indien twee hengelaars dieselfde vangspunt behaal, sal die getal vis wat gevang is die rangorde bepaal. Die hengelaar met die hoogste getal vis sal in die hoër posisie geplaas word.

Reël 10.1.4 Plasing met dieselfde vangspunt en vis

Indien die getal vis ook dieselfde is, kry die betrokke hengelaars dieselfde kompetisiepunt en die volgende posisie(s) val weg.

Reël 10.1.5 Geen vis

Hengelaars sonder ’n vangs en afwesige lede kry ’n nul as kompetisiepunt.

Reël 10.2 ***Spanplasing***

Reël 10.2.1 Plasing op grond van totale kompetisiepunte

Die plasing van spanne word gedoen deur die kompetisiepunte van elke span se lede bymekaar te tel, hetsy so ’n kompetisie oor ’n enkele dag of oor drie dae strek. Die span met die hoogste totaal sal die wenners wees.

Reël 10.2.2 Plasing met dieselfde totale kompetisiepunte

Indien twee spanne dieselfde totaal het, sal die getal vis gevang die rangorde bepaal.

Reël 10.2.3 Plasing met dieselfde totale kompetisiepunte en vis

Indien die getal vis ook dieselfde is, sal die massa van die totale vangs die rangorde bepaal. Die span met die swaarste massa sal in die hoër posisie geplaas word.

Reël 10.2.4 Plasing met dieselfde totale kompetisiepunte/vis en massa

Indien die massa ook dieselfde is, sal die span wie se hengelaar, volgens die merietelys, die hoogste individuele kompetisiepunt behaal het in die hoër posisie geplaas word.

Reël 10.3 ***Merietelys.***

Reël 10.3.1 Plasing op merietelys

Om aan die einde van ‘n kampioenskap die rangorde van die hengelaars te bepaal, word elke hengelaar se kompetisiepunte (minus meriete strafpunte, indien enige) oor die aantal hengeldae bymekaar getel. Die hengelaar met die hoogste totaal word 1ste geplaas, die 2de hoogste sal 2de wees ens. Indien 2 of meer hengelaars se kompetisiepunte dieselfde is, sal die aantal vis wat gevang is die rangorde bepaal. Indien die aantal vis ook dieselfde is, sal die totale massa die rangorde bepaal. Indien die massa ook dieselfde is, kry die hengelaars dieselfde posisie en die volgende posisie val weg.

11. GEDRAG

Reël 11.1 Bedwelmende middels

Geen deelnemer mag gedurende 'n kompetisie enige alkoholiese drank gebruik of onder die invloed van enige bedwelmende middel aan 'n kompetisie deelneem nie. Deelnemers wat hulle hieraan skuldig maak sal summier gediskwalifiseer word en die kompetisieterrein belet word.

Reël 11.2 Onaanvaarbare gedrag

Enige ander optrede wat teen die algemeen aanvaarde sedes indruis, sal insgelyks ook nie toegelaat word nie. Persone wat hulle aan sulke wangedrag skuldig maak, kan vir die duur van die kompetisie toegang tot die kompetisieterrein belet word.

Reël 11.3 Eskalasie

In ernstige gevalle moet die oortreding aan die beherende liggaam gerapporteer word met die oog op verdere tugstappe.

12. TOEPASSING VAN REËLS

Reël 12.1 Ad hoc bepalings

Deelnemers moet alle ad hoc-instruksies nakom wat deur die hoofbeampte uitgereik word. Sulke instruksies is egter slegs geldig indien dit op ’n voorafgaande inligtingsvergadering goedgekeur is, voor die kompetisie aangekondig word en nie in stryd met enige van die voorgeskrewe hengelreëls is nie.

Reël 12.2 Mag van beamptes

Die optrede teen hengelaars wat die reëls oortree, berus by enige van die beamptes aan diens.

Reël 12.3 Aanmelding van oortredings

Enige oortreding kan deur 'n hengelaar wat langs die oortreder hengel, onder die aandag van 'n beampte gebring word. Die beampte sal, nadat hy die getuienisse van die klaer, die oortreder en enige ander ooggetuies aangehoor is, op optrede besluit. Waar van toepassing, sal die spanbestuur van sulke optrede verwittig word.

Reël 12.4 Amptelike beswaar

Amptelike beswaar mbt die dag se hengel moet skriftelik ingedien word by die beamptes voordat daar met die weeg van die vangste begin word. Sulke besware sal deur die appèlkomitee hanteer word voordat met die weëry van die vangs begin word. Besware wat verband hou met die inweeg mag wel skriftelik ingedien word by die beamptes na afloop van die inweeg. Sulke besware sal ook deur die appèlkomitee hanteer word voor die volgende dag se hengel of voor die finale verwerking gedoen word indien dit op die laaste dag plaasvind.

Reël 12.5 Appél teen beslissings

Indien daar enige twyfel mag bestaan ten opsigte van die vertolking van ’n reël en die beslissing van die appèlkomitee betwis word, kan daar om uitsluitsel by die Dagbestuur van die SAVOF aansoek gedoen word. Hulle beslissing sal dan bindend wees totdat die aangeleentheid op die daaropvolgende Algemene Jaarvergadering bespreek is.

Reël 12.6 Ordonnansie

Ingeval enige van hierdie reëls strydig mag wees met die geldende ordonnansie of bepalings van ’n plaaslike owerheid, sal die juridiese bepaling van toepassing wees.

Reël 12.7 Ken jou reëls

Alle geaffilieerde lede moet hulle vertroud maak met die inhoud van hierdie stel reëls soos voorgeskryf deur die SAVOF. Enige verbreking of afwyking daarvan weens onkunde, sal nie as ’n verskoning aanvaar word nie.

Reël 12.8 Ad hoc wysigings

Indien enige geaffilieerde liggaam praktiese probleme ondervind met die voorgeskrewe hengelreëls, kan daar by die Dagbestuur van die SAVOF aansoek gedoen word vir ’n ad hoc-wysiging om die besondere probleem te ondervang.

Reël 12.9 Dispuut

Indien daar enige dispuut ontstaan tov vis/se of ‘n hengelaar wat vir die dag gediskwalifiseer word (bv agv minagting van weerligreël), moet die betrokke vis/se geweeg en aangeteken

word. Verwys na die volgende reëls: 1.3.2 / 3.4 / 4.5.1 / 5.1 / 5.3.1 / 5.4.4 / 5.4.5 / 5.4.6 / 5.5.5 / 6.4 / 6.6 / 7.3 / 7.3.1 / 7.4.1 / 7.4.2 / 8.1 / 9.4 / 11.1.

13. AANTEKENINGE

Reël 13.1 Verklaring

Waar voornaamwoorde soos hy, sy, hom of homself in die voorafgaande teks gebruik word, het dit uiteraard betrekking op beide geslagte.

Reël 13.2 Afrikaanse teks

In die geval van enige dispuut sal die Afrikaanse teks as die amptelike weergawe beskou word.

Reël 13.3 Appèlkomitee

Die appèlkomitee wat daargestel word om dispute tydens 'n kompetisie te besleg, moet voor die aanvang van die kompetisie tydens die inligtingsvergadering verkies en aangestel word.

Reël 13.4 Strafpunte

Indien ’n hengelaar ’n oortreding begaan en die voorgeskrewe strafpunte meer is as waaroor die hengelaar beskik, sal die oortreder ’n nul as merietepunte of kompetisiepunt kry.

Reël 13.5 Straf tov nie-hengelende spanlid

Indien ’n nie-hengelende spanlid ’n oortreding begaan, sal enige moontlike strafpunte van die spantotaal afgetrek word.

14. WYSIGINGS

Dié hengelreëls mag deur die Algemene Jaarvergadering van die Federasie gewysig of herroep word met ’n gewone meerderheid stem indien so ’n wysiging op die agenda verskyn. Indien daar nie vooraf kennis gegee is van die wysiging nie, is ’n tweederdemeerderheid nodig vir enige verandering.

15. REKORDAANSPRAKE

Aansoeke vir die registrasie van rekord aansprake moet binne 90 dae op die voorgeskrewe vorm gerig word aan die Rekordsbeampte van die Federasie. Rekords gevang tydens beheerde kompetisies moet deur die hengelaar deur middel van sy klub by die Provinsiale Rekordsbeampte aansoek doen om die vangs as ’n Federasie Rekord te laat registreer.

Sone- of Beheerbeamptes moet die vangs sertifiseer deur die “Sertifikaat van Vangste Gemaak tydens ’n Beheerde Wedstryd” vorm te voltooi.

16. JAARVERGADERING EN DAGBESTUUR BESLUITE

Tydens die SAVOF Bestuursvergadering gehou op 17 Junie 2006 is daar besluit dat ongeag die bepalings van die verkillende ordonnansies van die onderskeie provinsies dat:

1. PLATANNAS

Platannas mag glad nie, lewendig of dood of gedeeltelik, as aas gebruik word tydens enige wedstryd of kompetisie wat deur SAVOF beheer word nie. Indien ‘n deelnemer hierdie reël oortree, sal so ‘n deelnemer summier vir die dag gediskwalifiseer word.

17. FOTOS EN SKETSE

17.1 Toelaatbaar (In Line Method Feeders) (reël 5.4.6)

17.2 Nie toelaatbaar (Feeder Cages) (reël 5.4.6)